NUUSBRIEF

AUGUSTUS 2009

Inhoud van Augustus-nuusbrief

- Belangrike datums
- Provinsiale evaluering en sertifikate
- Deelnemende skole vir Nasionale Ekspo
- Nasionale funksie 12 September 2009
- Afrikaans-Ekspo 2010
- Hulp in Ekspo-kantoor
- Woordpoort

Belangrike datums: Agustus-September 2009

- Oorhandig inskrywings aan nasionale beoordelaars: **6-11 Augustus 2009**
- Nasionale beoordeling: **12-26 Aug 2009**
- Ekspo-kantoor verwerk finale punte: **27 Augustus – 2 September 2009**
- Finaliste word bepaal: **3-4 Sept 2009**
- Uitslae word aan skole gestuur; wenners word uitgenooi na prysuitdelingsfunksie; skole RSVP: **7-9 Sept 2009**
- **NASIONALE PRYSUITDELING: 12 September 2009**

Provinsiale evaluering en sertifikate

Die provinsiale evaluering het baie vlot verloop. Ons sê baie dankie aan die beoordelaars wat hulle weg elke jaar oopsien om ons behulpsaam te wees.

Die provinsiale sertifikate word binnekort aan julle gepos. Onthou, slegs die leerders wat **nie** na die Nasionale Ekspo deurgedring het nie, ontvang provinsiale sertifikate. Indien julle dit ontvang, en daar is te min, laat weet asb. vir Chrisna by 012 420 5831 of faks 086 502 6484.

Deelnemende skole vir Nasionale Ekspo

Die getal deelnemende skole vir die Nasionale Ekspo, per provinsie, is:

Gauteng	21
KwaZulu-Natal	6
Limpopo	4
Mpumalanga	6
Noord-Kaap	7
Noordwes	9
Vrystaat	3
Wes-Kaap	2
Totaal	**58**

Nasionale funksie

Op 12 September 2009 vind die Nasionale Prysuitdeling plaas in die Normaalsaal op die Groenkloof-kampus van UP. Hou die volgende nuusbrief dop vir detail.

Afrikaans-Ekspo 2010

Ons werk reeds aan volgende jaar se Ekspo. Ons beplan om die kategorieë dieselfde te hou en net die temas te verander. Dalk gooi ons hier en daar nuwe gedigte in. Die handleidings sal weer DV in Oktober beskikbaar wees.

Die leerders kan sodra die handleidings ontvang is, begin werk aan hulle inskrywings. Ons stel ook voor dat julle, as klasonderwysers, nou al goeie stukke van die leerders in veilige bewaring hou vir inskryf vir 2010.

Hulp in Ekspo-kantoor

Ons kry van hierdie maand af hulp in die vorm van Dalene Titus in die Ekspo-kantoor. Sy sal so 3 dae per week vir ‘n uur of 2 in die kantoor wees om te help met sekere administratiewe take.

Woordpoort

Die eerste Woordpoort woordkunsfees gaan plaasvind op 24-27 September 2009 op die kampus van die Universiteit van Pretoria. Produksies soos die voorgeskrewe werk “Mis” van Reza de Wet, “Samoerai”, die immergewilde Phillip de Vos, Anna Davel, Laurinda Hofmeyr, Andries (Roof) Bezuidenhout is van die hoogtepunte wat tydens Woordpoort te siene gaan wees..

Hou www.woordpoort.co.za dop vir meer inligting.

Ekspo-groete